

Sien ingeslote vouilijet vir gebruiksaanwysings / See enclosed leaflet for directions for use

AZ-WELL 250 SC

Wet/Act No: 36 van/of 1947
SA Reg No: L10078/NAM Reg No: N-AR 1726

'N SUSPENSIEKONSENTRAAT SISTEMIESE SWAMDODER VIR DIE BEHEER
VAN SWAMSIKTES OP GEWASSE SOOS AANGEDUI

A SUSPENSION CONCENTRATE SYSTEMIC FUNGICIDE FOR THE CONTROL
OF FUNGAL DISEASES IN VARIOUS CROPS AS INDICATED

FRAC SWAMDODER GROEPKODE 3 & 11 FRAC FUNGICIDE GROUP CODE

AKTIEWE BESTANDELE

Asoksistrobien (strobilurien)
Epoksikonasool (triasool)

125 g/l
125 g/l

ACTIVE INGREDIENTS

Azoxystrobin (strobilurin)
Epoconazole (triazole)

Batch No: SEE
Date of CONTAINER
Manufacture: FOR DETAILS

Registrasiehouer / Registration Holder:



ICA International Chemicals (Pty) Ltd
Reg. No: 2001/013319/07
PO Box 2312, Stellenbosch, 7601, South Africa
Tel. +27-21-886 9812
www.icaonline.co.za

Net Volume:
SEE
CONTAINER *l*

UN No: 3082

Group III



**CAUTION
VERSIGTIG**



Az-Well^{250 SC}

SA Reg. No: L10078 / Nam Reg. No: N-AR 1726 / BWA Reg. No: W130775
Act No. 36 of 1947

A systemic suspension concentrate fungicide for the control of fungal diseases in various crops as listed.

ACTIVE INGREDIENTS:

Azoxystrobin (strobilurin)	125 g/ℓ
Epoxiconazole (triazole)	125 g/ℓ

REGISTERED BY:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd.

Reg. No: 2001/013319/07

28 PLANKEN STREET, PLANKENBRUG INDUSTRIAL ♦ STELLENBOSCH ♦ 7600 ♦ South Africa

CAUTION

WARNINGS

Withholding periods (Minimum number of days between last application and harvesting or grazing / feeding):

* Barley and Wheat (do not graze barley and wheat).....	60 days
* Maize and Sweetcorn	30 days
* Soybeans.....	40 days
* Groundnuts	28 days

Compliance with these withholding periods will ensure that residues do not exceed local maximum residue limits (MRL), but the import tolerances of other countries might possibly be exceeded. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, MRL and recommended withholding periods.

Although **Az-Well^{250SC}** is regarded as crop-safe on most of the important cultivars, this does not mean that a more sensitive cultivar might be available in future. **Az-Well^{250SC}** must be tested on new cultivars prior to usage over big areas.

- Handle with care.
- Keep out of reach of children, uninformed persons, and animals.
- Harmful if swallowed, inhaled or when absorbed through the skin.
- Moderate eye and mild skin irritant.
- Wear suitable protective clothing and gloves.
- This material and its container must be disposed of as hazardous waste.
- Avoid release to the environment. Refer to MSDS.
- Very toxic to fish and aquatic organisms. Do not contaminate streams, rivers, or waterways with the chemical or used containers.
- Store this product in its original container in a cool, dry, and well ventilated place away from food, feed, seed and drinking water.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be treated and issue the necessary warnings. Prevent contamination of adjacent areas as well as water resources due to drifting.
- **Re-entry interval:** Do not enter treated area/field until spray deposit has settled down/dried unless wearing the necessary protective clothing.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions, because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions, which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Wear appropriate protective clothing, boots, and rubber gloves to prevent skin, eye and face contact when handling the undiluted product. IF ON SKIN, gently wash with plenty of water and soap (15 – 20 minutes).
- Prevent contact with eyes; wear chemical splash goggles or safety glasses. IF IN contact with eyes, rinse immediately with plenty of water for 15 minutes and seek medical advice.
- Prevent inhalation where spray, mist or fog is generated, wear a self-contained breathing apparatus. IF INHALED and breathing is difficult, remove person to fresh air and keep at rest in a comfortable position. Obtain medical assistance if breathing does not improve immediately. Persons with respiratory conditions must avoid areas while spraying is administered.
- Do not eat, drink, or smoke whilst handling this product. Wash face and hands after use.

- In case of an accident, swallowed or if unwell, seek medical advice without delay (show label if possible).
- Avoid spray drift onto rivers, dams, pastures and/or areas not under treatment.
- This material and container must be treated as hazardous waste.
- Clean applicator thoroughly after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers, or dams.
- CONTAINER DISPOSAL: Invert empty container over mix or spray tank and allow draining for at least 30 seconds until flow has slowed to a drip. Triple rinse the empty container with clean water equal to a minimum of 30 % of the volume of the container. Add rinsing to the contents of the spray tank. Offer container for recycling or puncture and dispose of at authorised landfill. Do not use container for any other purpose.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **Az-WELL^{250SC}** contain group codes (3) and (11) fungicides. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **Az-WELL^{250SC}** and other group codes (3) and (11) fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **Az-WELL^{250SC}** or any other group codes (3) & (11) fungicides.

To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code.
- Alternate or tank mix with products from different fungicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

DIRECTIONS FOR USE

(USE ONLY AS DIRECTED)

Compatibility:

The compatibility of **Az-WELL^{250SC}** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. A physical compatibility test must always be performed before such a tank mixture is made.

Mixing Instructions:

Half fill the mixing tank with clean water. Shake the **Az-WELL^{250SC}** container and **premix** the required quantity with at least **10 ℓ of water** and add to the spray tank. Agitate well to obtain a homogeneous emulsion. Top up the mixing tank with the required quantity clean water whilst agitating. Ensure mixing is complete and agitate constantly before and during application. If another product is to be mixed with **Az-WELL^{250SC}**, the required quantity should be premixed in a similar fashion and slowly add to spray mixture whilst agitating shortly before application. The prepared spray mixture must be used immediately and not be left in the spray tank for any length of time, e.g., overnight.

Application method:

Ground application: **Az-WELL^{250SC}** can be applied with conventional medium to high volume spray apparatus provided it is equipped with an efficient agitation mechanism and is able to distribute the spray mixture evenly over the target area. Ensure that the equipment is correctly calibrated prior to application.

Aerial application: Aerial application of **Az-WELL^{250SC}** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 ℓ per hectare is recommended. The product has not been evaluated at reduced volume rates and the registration holder cannot guarantee efficacy or be held responsible for any adverse effects if the product is applied aerially at a lower rate than recommended above.
- Droplet coverage: 25 - 35 droplets / cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 280 – 300 micron is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 micron (high drift & evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3 – 4 m above the target. Do not spray when aircraft is diving, climbing or when banking.
- Use suitable atomizing equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- Position all the atomizers within the inner 60 – 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The differences in temperature between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable, and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above) may lead to the following:
 - (a) reduced efficacy due to evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
 - (b) damage to other sensitive crops and/or non-target drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met, and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

APPLICATION TABLE		
CROP & DISEASE	DOSAGE	REMARKS
BARLEY Net Blotch (<i>Pyrenophora teres</i>) Leaf Spot (<i>Rhynchosporium secalis</i>) Leaf Rust (<i>Puccinia hordei</i>) Powdery Mildew (<i>Erysiphe graminis</i>)	Ground and aerial application 800 mℓ/ha	<p>The first application of Az-Well^{250SC} must be STRICTLY PREVENTATIVE (before the onset of any symptoms).</p> <p>Apply the first application not later than the 7 leaf stage. Apply a second application 3 to 4 weeks later if disease pressure is evident, normally at flag leaf stage, before appearance of the head.</p> <p><u>Ground application:</u> Apply in 200 to 400 ℓ of water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in 30 to 40 ℓ of water/ha. Also refer to “Aerial Application Instructions” above</p>
WHEAT Brown Rust (<i>Puccinia triticina</i>) Eyespot (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>) Powdery Mildew (<i>Erysiphe graminis</i>) Speckled Leaf and Glume Blotch (<i>Septoria</i> spp.) Stem Rust (<i>Puccinia graminis</i>) Yellow Rust / Stripe Rust (<i>Puccinia striiformis</i>)	Ground and aerial application 800 mℓ / ha	<p>The first application must be STRICTLY PREVENTATIVE (before the onset of any symptoms).</p> <p>Apply the first application between the 5 and 7 leaf stage. Apply a second application 3 to 4 weeks later if disease pressure is evident, normally at flag leaf stage before appearance of the head.</p> <p><u>Ground application:</u> Apply in 200 to 300 ℓ of water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in 30 to 40 ℓ of water/ha. Also refer to “Aerial Application Instructions” above.</p>
MAIZE and SWEETCORN Grey Leaf Spot (<i>Cercospora zeae</i>) (<i>Cercospora zeae-maydis</i>) Northern Leaf Blight (<i>Exserohilum turcicum</i>) Rust (<i>Puccinia sorghi</i>)	Ground and aerial application 800 mℓ / ha	<p>Az-Well^{250SC} is recommended in a preventative integrated disease management program. The first application must be STRICTLY PREVENTATIVE (before the onset of any symptoms).</p> <p>Apply the first application at the 5 to 6 leaf stage. A second application is recommended 3 weeks later. Under continued high disease pressure conditions, a third application with a fungicide from another FRAC code is recommended, 3 to 4 weeks later.</p> <p>In certain areas and conditions where low disease presence is expected, a single application can be applied at the 5 to 6 leaf stage. If extended disease control is required, a second application can be applied four weeks later.</p> <p><u>Ground application:</u> Apply as a full cover spray in 300 to 500 ℓ of water/ha.</p> <p><u>Hand-held spinning disk applicator:</u> Apply 50 to 70 ℓ of water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in 30 to 40 ℓ of water/ha. Refer to “Aerial Application Instructions” above.</p>
<p>WARNING: MAIZE APPLICATIONS: The risk of Arrested Ear Syndrome (Blunt Ear Syndrome) increases dramatically when any applications (crop protection products, fertilisers, foliar feeds, adjuvants, etc.) are made between the V10 – VT (10th leaf collar – cob tassel emergence) growth stages of maize plants. Applications between the V10 – VT growth stages of the crop must be avoided as far as possible.</p>		
SOYBEANS Soybean Rust (<i>Phakopsora pachyrhizi</i>)	Ground and aerial application 600 mℓ / ha	<p>The first application must be STRICTLY PREVENTATIVE (before the onset of any symptoms).</p> <p>Apply the first application at the onset of flowering. A second application is recommended 3 to 4 weeks later. Under expected high disease pressure conditions, a 3 weekly spray interval is recommended.</p> <p><u>Ground application:</u> Apply as a full cover spray in 300 to 500 ℓ of water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in 30 to 40 ℓ of water/ha. Refer to “Aerial Application Instructions” above.</p>
GROUNDNUTS Leaf Blotch / Web Spot (<i>Phoma arachidicola</i>) Leaf Spot (<i>Cercospora</i> spp.)	Ground and aerial application	<p>Commence application as soon as infection is noticed (first infection usually visible on the basal leaves).</p> <p>A second application is recommended 3 weeks later. Under continued high disease pressure conditions, a third application with a fungicide from another FRAC code is recommended three weeks later.</p>

Rust (<i>Puccinia arachidis</i>)	600 mL / ha	<u>Ground application:</u> Apply as a full cover spray in 300 to 500 ℓ of water/ha. <u>Aerial application:</u> Apply in 30 to 40 ℓ of water/ha. Also refer to “Aerial Application Instructions” above.
---	-------------	---

SANB-AZEP-004

Az-WELL^{250 SC}

SA Reg. Nr: L10078 / Nam Reg. Nr: N-AR 1726 / BWA Reg. No: W130775
Wet Nr. 36 van 1947

'n Suspensiekonsentraat sistemiese swamdoder vir die beheer van swamsiektes op gewasse soos aangedui.

AKTIEWE BESTANDDEEL:

Asoksistrobien	125 g/ℓ
Epoksikonasool (triasool):	125 g/ℓ

REGISTRASIEHOUER:

ICA International Chemicals (Pty) Ltd.

Reg. Nr: 2001/013319/07

28 PLANKEN STRAAT, PLANKENBRUG INDUSTRIEËL ♦ STELLENBOSCH ♦ 7600 ♦ Suid-Afrika

VERSIGTIG WAARSKUWINGS:

Onthoudingsperiodes (Minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of weiding / voer):

- *Koring en gars (moenie koring en gars bewei nie)* 60 dae
- *Mielies en Suikermielies* 30 dae
- *Sojabone* 40 dae
- *Grondbone* 28 dae

Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike maksimum residu limiete (MRL) nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, MRL vereistes en aanbevole onthoudingsperiodes.

Alhoewel **Az-WELL^{250SC}** as gewasveilig beskou word op die meeste belangrike kultivars, beteken dit nie dat 'n meer sensitiewe kultivar in die toekoms op die mark kan kom nie. Nuwe kultivars moet nie in groot areas behandel word voordat **Az-WELL^{250SC}** daarop getoets is nie.

- Hanteer versigtig.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Skadelik indien ingesluk, deur inaseming of deur die vel opgeneem.
- Matige oog en ligte vel irriterant.
- Dra geskikte beskermende oorklere en handskoene.
- Hierdie materiaal en sy houer moet hanteer word as gevaarlike afval.
- Verhoed vrystelling na die omgewing. Raadpleeg MSDS.
- Baie skadelik vir vis en ander waterorganismes. MOENIE waterstrome, riviere of vloeiende waterweë besoedel met hierdie produk of die gebruikte houers nie.
- Stoor die produk in sy oorspronklike houer in 'n koel, droë en goed geventileerde area weg van voedsel, voer, saad en drinkwater.
- **Lugtoediening:** Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie toelaat dat die spuitnewel oor water dryf of daarvoor spuit of dat dit aanliggende gebied besoedel nie.
- **Herbetredingsinterval:** Moenie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy toepaslike beskermende klere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander produkte wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effekte op mens of dier of vir 'n gebrek aan doeltreffendheid, as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Dra toepaslike beskermende klere asook rubber handskoene om kontak met vel, oë en gesig te voorkom tydens hantering van die onverdunde produk. INDIEN KONTAK MET VEL, was met genoegsame water asook seep (15-20 minute).
- Voorkom kontak met oë; dra toepaslike oog beskerming (chemiese spat of veiligheids bril). INDIEN KONTAK MET OË, spoel dadelik uit met voldoende water vir 15 minute en verkry mediese advies.
- Voorkom inaseming van mis of spuitnewel, gebruik asemhalingsapparaat/masker. INDIEN INGEASEM en asemhaling ge-afekteer is, verwyder persoon na vars lug en laat rus in gemaklike posisie. Verkry mediese hulp indien toestand nie dadelik verbeter nie. Persone met respiratoriese toestande moet areas vermy terwyl bespuiting plaasvind.
- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk hanteer word nie. Was hande en gesig na gebruik.
- In geval van 'n ongeluk, ingesluk of indien onwel, verkry mediese advies sonder versuim (toon etiket indien moontlik).
- Voorkom wegdrywing van spuitstof na weiding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel word nie.

- Hierdie materiaal asook houer moet hanteer word as gevaarlike afval.
- Maak alle apparaat deeglik skoon na gebruik en doen weg met afvalwater sonder besoedeling van omgewing.
- LEË HOÛERS: Sodra houer leeg is, keer om oor spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes totdat vloei tot gedrup verminder het. Spoel leë houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan minstens 30 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word, deur gate daarin te maak. Bied houer aan vir hersirkulasie of neem na 'n amptelike vullis area. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Az-WELL^{250SC} bestaan uit groepkode (3) en (11) swamdoders. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Az-WELL^{250SC}** of enige ander groepkode (3) en (11) swamdoders het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **Az-WELL^{250SC}**, of enige ander groepkode (3) & (11) swamdoder beheer word nie.

Om weerstand teen swamdoders te verhoog:

- vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkodes.
- wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in swamdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS

(GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI)

Verenigbaarheid:

Die verenigbaarheid van **Az-WELL^{250SC}** met ander produkte word bepaal deur die formulering van die onderskeie produkte asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. 'n Fisiese verenigbaarheidstoets moet altyd gedoen word, voordat produkte vermeng en toegedien word.

Menginstruksies:

Maak mengtenk halfvol met skoon water. Skud die **Az-WELL^{250SC}** houer en **meng** die aanbevole hoeveelheid **vooraf** deeglik in ten minste **10 ℓ water** en voeg dit by spuittenk terwyl geroer word, om 'n homogene emulsie te verkry. Vul die tenk met die verlangde hoeveelheid skoon water terwyl geroer word. Maak seker dat vermenging deeglik plaasvind en roer mengsel konstant voor en tydens toediening. Indien 'n ander produk ook bygevoeg moet word, moet die korrekte hoeveelheid op soortgelyke wyse vooraf in water vermeng en stadig bygevoeg word terwyl geroer word. Die aangemaakte spuitmengsel moet dadelik gebruik word, en nie toe gelaat word om vir enige bepaalde tydperk, bv. oornag, te staan nie.

Toedieningsmetode:

Grondtoediening: **Az-WELL^{250SC}** kan toegedien word met geskikte medium- of hoë volume spuitapparaat, mits dit toegerus is met 'n doeltreffende roerder en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlakte te versprei. Maak seker dat die spuittoerusting korrek gekalibreer is voor toediening.

Lugtoediening: **Az-WELL^{250SC}** kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrekte gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel van 30 ℓ per hektaar word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 25 – 35 druppels/cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 – 300 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drying en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 – 4 m. Moet nie spuit wanneer vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 – 75 % van die vlekspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlervpuntevorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km per uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrying van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

TOEDIENINGSTABEL

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
GARS Blaarvlek (<i>Rhynchosporium secalis</i>) Blaarroes (<i>Puccinia hordei</i>) Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i>) Poeieragtige Meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>)	Grond- en Lugtoediening 800 mℓ/ha	<p>Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND (voor die voorkoms van siekte-simptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandeling nie later as die 7-blaarstadium toe nie. Dien 'n tweede behandeling 3 tot 4 weke later toe indien siektedruk voorkom, gewoonlik teen vlagblaarstadium, voor aarverskeining.</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe in 200 tot 400 ℓ water per hektaar.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in 30 tot 40 ℓ water per hektaar. Verwys ook na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p>
KORING Bruin Roes (<i>Puccinia triticina</i>) Oogvlek (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>) Poeieragtige Meeldou (<i>Erysiphe graminis</i>) Septoria Blaarvlek en Bruinaarsiekte (<i>Septoria</i> spp.) Stamroes (<i>Puccinia graminis</i>) Streep-Roes/Geel Roes (<i>Puccinia striiformis</i>)	Grond- en Lugtoediening 800 mℓ/ha	<p>Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND (voor die voorkoms van siekte-simptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandeling tussen 5- en 7-blaarstadiums toe. Dien die tweede behandeling 3 tot 4 weke later toe indien siektedruk opgemerk word (gewoonlik met vlagblaarstadium, voor aarverskyning).</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe in 200 tot 300 ℓ water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in 30 tot 40 ℓ water/ha. Verwys ook na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p>
MIELIES & SUIKERMIELIES Grysblaarvlek (<i>Cercospora zeae-maydis</i>) Noordelike Blaarskroei (<i>Exserohilum turcicum</i>) Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)	Grond- en Lugtoediening 800 mℓ / ha	<p>Az-WELL^{250SC} word aanbeveel in 'n voorkomende ge-integreerde siektebestuurprogram. Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND (voor die voorkoms van siektesimptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandelings toe by die 5- tot 6-blaarstadium 'n Tweede behandeling word 3 weke later aanbeveel.</p> <p>Onder herhaalde hoë siektedruk toestande, word 'n derde behandeling met 'n swamdoder, uit 'n ander FRAC swamdoder groepkode, tot 3-4 weke later aanbeveel.</p> <p>In sekere areas, asook toestande waar lae siektedruk verwag word, kan 'n enkel toediening by die 5- tot 6-blaarstadium aangewend word. Indien verlengde siektebeheer nodig is, kan 'n tweede toediening vier weke later aangewend word.</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe as 'n voldekbespuiting met 300 tot 500 ℓ water/ha.</p> <p><u>Handgedraagte roterende skyf toediener:</u> Gebruik 50 tot 70 ℓ water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Gebruik 30 tot 40 ℓ water/ha. Verwys na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p>
<p>WAARSKUWING: MIELIETOEDIENINGS: Die risiko van gestremde kopontwikkeling of "Arrested Ear Syndrome" (AES) op mielies neem dramaties toe wanneer enige toedienings (gewasbeskermingsprodukte, kunsmis, blaarvoeding, byvoegmiddels, ens.) tussen die V10 – VT (10^{de} blaar tot pluim verskyning) stadiums toegedien word. Toedienings tussen die V10 – VT groeistadiums van die gewas moet sover moontlik vermy word.</p>		
SOJABONE Sojaboon Roes (<i>Phakopsora pachyrhizi</i>)	Grond- en Lugtoediening 600 mℓ / ha	<p>Dien die eerste bespuiting STRENG VOORKOMEND (voor die voorkoms van siektesimptome) toe.</p> <p>Dien die eerste behandeling toe met die begin van blomstadium. 'n Tweede behandeling word aanbeveel 3 tot 4 weke later. Onder verwagte hoë siektedruk toestande, word 'n 3 wekelijkse spuitinterval aanbeveel.</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe as 'n voldekbespuiting in 300 tot 500 ℓ water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in 30 tot 40 ℓ water/ha. Verwys na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p>
GRONDBONE Blaarvlek (<i>Cercospora</i> spp.) Spatselflek (<i>Phoma arachidicola</i>) Roes (<i>Puccinia arachidis</i>)	Grond- en Lugtoediening 600 mℓ / ha	<p>Dien die eerste behandeling toe met die aanvang van siekteontwikkeling (eerste infeksie simptome gewoonlik opgemerk op die onderste blare).</p> <p>'n Tweede behandeling word 3 weke later aanbeveel. Onder herhaalde hoë siektedruk toestande, word 'n derde behandeling met 'n swamdoder, uit 'n ander FRAC swamdoder groepkode, 3 weke later aanbeveel.</p> <p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe as 'n voldekbespuiting in 300 tot 500 ℓ water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in 30 tot 40 ℓ water/ha. Verwys na "Lugtoedieninginstruksies" hierbo.</p>

